VOLKSBLAD (Noord Kaap)
04 Nov 2011, p.6

Nuwe tegniek gebruik vroue se eie vetselle vir rekonstruksie

Veral ná bestraling gebruik

■ ELSABÉ BRITS

KAAPSTAD. – Die drie Wes-Kaapse vroue wat die eerste Suid-Afrikaners is wat stamselle van hul eie vetselle ontvang het, is in hul skik met die resultaat.

Dié operasies is sowat 'n week gelede deur prof. Frank Graewe, hoof van plastiese en rekonstruktiewe snykunde van die Tygerberg-hospitaal en Universiteit van Stellenbosch, gedoen. Dit is moontlik gemaak deur Cytori-tegnologie, 'n Amerikaanse maatskappy wat tegnies gevorderde toerusting vir die operasies beskikbaar gestel het.

Mes. Claudia Schmeisser van Panorama, Annette Venter van Saldanha en Nicoleen Viljoen van Somerset-Wes het dié prosedure ondergaan.

Graewe het verduidelik dat vet van die pasiënt se maag of bobene "afgesuig" word, waarna dit in twee verdeel word. Uit een deel word volwasse stamselle onttrek en in die Cytori-masjien geplaas. 'n Gekonsentreerde oplossing met vernuwende selle word ná 'n paar uur bekom.

Die res word "gewas" om onsuiwerhede te verwyder. Die twee dele word dan gemeng en ingespuit waar dit benodig word.

"Dit is veral baie goed vir dele van die liggaam wat vir kankerbehandeling bestraal word. Dié dele word dik en hard en kan selfs misvorm. Daar is ook gevalle waar wonde nie wil genees nie.

"Dit kan ook gebruik word, soos in Schmeisser se geval, waar ons nie stamselle geïsoleer het nie, maar net vet gebruik het om haar borste te vergroot. Die voordeel hieraan is dat haar eie weefsel gebruik word," het hy gesê.

Venter se een bors is erg deur bestraling beskadig en 'n nuwe bors is vir haar gebou. "Daar is lewe ná borskanker," het sy gesê. "Ek het myself die hele tyd bevoel, want my een bors was skeef en hard. My nuwe bors is wonderlik," het sy gesê.

Viljoen is agt jaar gelede aan haar wang bestraal en geopereer. Die "gat" wat die operasie gelaat het, asook die verdikking, kon nou met die vetselle gevul word. 'n Tweede operasie moet gedoen word, omdat haar glimlag nog weens 'n beskadigde senuwee skeef is.

"As ek net 'n glimlag kan kry, sal ek gelukkig wees," het sy gesê.

PROF. FRANK GRAEWE (regs) van die Tygerberg-hospitaal het rekonstruktiewe chirurgie gedoen met 'n nuwe tegniek waarin dié drie vroue se eie vetselle gebruik is. Van links is mes. Claudia Schmeisser, Annette Venter en Nicoleen Viljoen.
FOTO: LEANNE STANDER